Inhoudsopgawe

Inleiding 9

Deel 1: ’n Nuwe lewe 13

Deel 2: Soek na Hom 27

Deel 3: Vertrou en gehoorsaam 39

Deel 4: Vergewe 57

Deel 5: Liefde 68

Deel 6: Maak sy visie joune 95

Deel 7: Gee alles prys 106

Deel 8: Moeilike tye 116

Deel 9: Trou 137

Deel 10: Gee en deel 148

Deel 11: Getuig en dien 159

Deel 12: Oproep tot gebed 167

Deel 1

'n Nuwe lewe

Neem Christus aan

> Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?" Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."
>
> Matteus 9:11-13

'n Nuutgemaakte lewe

Sy het hierdie lewe ingekom met die hulp van 'n Poolse vroedvrou. Hierdie babadogtertjie van 'n verkragte Afro-Amerikaanse moeder het gou tekens begin toon dat sy haar ma se lang gestalte en groot beenstruktuur geërf het. Terwyl sy grootgeword het, is sy van die een plek na die

ander geskuif en het sy geen bande gesmee nie. Sy het onbemind en ongewens gevoel.

Toe haar ma nie meer na haar kon omsien nie, moes sy by doktor en mevrou Bell en hulle tien kinders gaan bly.

Doktor Bell was die leraar by 'n klein kerkie in die middestad van Philadelphia, waar die jong meisie baie ou gesange geleer het. En tog, ten spyte van doktor en mevrou Bell se pogings om 'n goeie invloed op haar uit te oefen, was die aanloklikheid van Philadelphia se gevaarlike strate te sterk. Om daar buite te oorleef moes sy sterk wees. Sy het almal aangerand wat haar teëgegaan het en baie gou 'n slegte reputasie gehad. Toe sy twaalf was, was sy reeds die leier van 'n straatbende.

Desondanks het haar liefde vir musiek haar steeds die kerkdienste laat bywoon. Die Christelike invloed en die getroue gebede van dié wat oor haar besorg was, het stadig maar seker goeie vrugte begin afwerp. Een Sondagoggend het die worstelende jong dogter haar hart vir die Here gegee in 'n klein kerkie in Chester, Pennsilvanië. Haar lewe het dadelik ingrypend verander. Die kerkmense het haar soos familie behandel. Tussen haar Christen-vriende en doktor en mevrou Bell het sy eindelik besef wat dit beteken om liefde te ontvang.

As jong volwassene raak sy egter in 'n woordewisseling met 'n gemeentelid betrokke en dwaal weer weg van die kerk af. Gedurende dié jare ontwikkel haar sangtalent en verwerf

sy groot beroemdheid as 'n sangeres in nagklubs en op televisie. Maar ten spyte van haar nuutgevonde roem spook die behoefte aan 'n intiemer verhouding met God deurentyd by haar.

Een aand skakel sy die radio aan terwyl 'n man met die naam Billy Graham aan die woord is. Sy boodskap wat begin het met "Die Bybel sê" raak haar honger hart aan.

Terwyl sy in New York besig is met 'n sangoptrede ontdek sy dat die Billy Graham Crusade na Madison Square Garden kom. Sy wil dit graag bywoon, maar weet nie hoe sy dit in haar besige program sal inpas nie.

'n Paar dae later, terwyl sy in 'n televisieprogram verskyn, kom die Billy Graham Crusade ter sprake. Sy ervaar weer eens 'n ongelooflike begeerte om dit by te woon. Sonder om te huiwer sê sy oor die lug dat sy graag na Billy Graham wil gaan luister.

Terug by haar hotelkamer lui die telefoon. Dit is 'n lid van die Billy Graham Crusade-span wat tien kaartjies vir haar het. Met hierdie kaartjies hoef sy nie in 'n lang ry te staan en wag nie. Dis toe dat sy besef sy het vir miljoene mense gesê dat sy graag die byeenkoms wil bywoon.

Madison Square Garden is nie vir haar 'n onbekende plek nie. Sy het al by menige fondsinsamelingskonsert voor duisende mense opgetree. Toe sy die arena betree, heers daar egter 'n totaal anderse atmosfeer. Sy verwonder haar.

Die koor open die byeenkoms met 'n lied: "This is my story." Op daardie oomblik onthou

die jong vrou hoe sy daardie selfde lied in die klein kerkie in Chester gesing het. Liefde en vriendskap vul die lug terwyl sy luister.

Die vrou hang aan Billy Graham se lippe terwyl hy ’n boodskap uit God se Woord bring. Sy voel soos ’n honger babavoëltjie wat klein stukkies geestelike voedsel ontvang. God begin haar roep om die lewende water uit sy beker te drink. Sy besef dat sy haar saak met Hom moet regmaak.

Hierna woon sy elke byeenkoms by wat sy moontlik kan. Elke aand tref Billy Graham se boodskap haar soos ’n weerligstraal en bring haar nog ’n bietjie nader aan God. Elke dag tel sy die ure af tot sy weer kan terugkeer om preke oor die lewe en vergifnis te hoor.

Sy is verbaas toe sy genooi word om in die koor te sing. Alhoewel sy vir Billy Graham se span gesê het dat haar saak met God nie reg is nie, moedig hulle haar aan om te sing. Omring deur die koorleier Cliff Barrows, sanger George Beverly Shea en liefdevolle Christene word haar siel gevoed en geseën.

Die geweldige opkomste het daartoe gelei dat die tydperk van die byeenkomste verleng is vir ’n verdere agt weke. Sy weet sy moet haar toer hervat, maar besluit om nog een aand na ’n boodskap uit God se Woord te gaan luister.

Terwyl sy in die gehoor sit, besef sy God is besig om vir haar ’n beter plek te wys om te sing. In plaas daarvan om in nagklubs op te tree, roep Hy haar om haar talent tot sy eer te

gebruik. Sy dink nie dit is moontlik nie. Geld is skaars. Sy het swaargekry. Sy redeneer in stilte met God. Hoe kan 'n sangloopbaan vir God ooit 'n werklikheid word?

Voor sy besef wat gebeur, nooi Cliff Barrows se bekende stem haar oor die mikrofoon om "His Eye Is on the Sparrow" vir die gehoor te kom sing. Wat kan sy sê? Die enigste antwoord is ja.

Sy is so senuweeagtig dat dit voel of haar hart wil gaan staan. Alhoewel sy al menige keer die lied voor mense gesing het, is hierdie 'n onvergeetlike ondervinding.

Ten spyte van haar ongemaklikheid stap sy met al die waardigheid wat sy bymekaar kan skraap na die mikrofoon. Al is sy ook hoe senuweeagtig, neem haar professionele ondervinding oor. En tog is iets besig om in haar te gebeur. Sy besef dat die twee uiteenlopende lewens wat sy lei nie saam kan werk nie. Sy moet kies. Sy kan nie haar mes na beide kante laat sny nie.

Ethel Waters het klaar gesing, gaan sit, 'n oomblik gedink en toe haar hart opnuut vir Jesus gegee. 'n Wonderlike, vergewende teenwoordigheid het van haar besit geneem, gevolg deur 'n vrede wat sy nog nooit tevore ervaar het nie. Die slegte is vervang met God se goedheid. Die seer en bitterheid wat sy haar lewe lank in haar gedra het, het verdwyn.

Ethel het aangehou om by die byeenkomste te sing in plaas daarvan om haar loopbaan van vroeër te hervat. Al het sy nie geweet hoe sy 'n

bestaan sou kon maak deur haar stem vir die Here te gebruik nie, het sy haar twyfel oorwin en alles vir God gegee. Ethel het wel een ding geweet: Hy sou voorsien. Sy het teruggekeer huis toe en haar optredes by die nagklubs gekanselleer.

Baie mense het Ethel saam met die Billy Graham Crusade hoor sing en God het vir haar nuwe deure oopgemaak. Sy het gesing vir Youth for Christ-groepe wat deur die land getoer het, die Tennessee Ernie Ford-televisieprogram en die Dale Evans en Roy Rogers-televisiereeks. Elke keer as Ethel "His Eye Is on the Sparrow" gesing het, het sy getuig hoe lief sy God het en wat Hy vir haar gedoen het.

Sy is ook gevra om "Deep River", "Just a Closer Walk with Thee", "Nobody Knows the Trouble I've Seen" en baie ander gewilde geestelike liedere te sing.

Omdat Ethel Waters na God se roepstem geluister het en Hom as haar persoonlike Verlosser aangeneem het, het Hy haar getuienis deur haar voorbeeld en sang gebruik. Haar God-geïnspireerde invloed het oor baie geslagte heen uitgereik en miljoene lewens, oud en jonk, aangeraak. Sy het altyd God se liefde op haar unieke manier met ander gedeel.

Pak die avontuur aan

Die volgende dag het Johannes weer
daar gestaan, met twee van sy

volgelinge by hom. Toe Jesus verbyloop,
het Johannes stip na Hom gekyk en gesê:
"Dáár is die Lam van God!" Die twee het
hom dit hoor sê en hulle het Jesus gevolg.
Johannes 1:35-37

Die lewe verander

Andreas, 'n sterk, ruwe visserman, was 'n lewende bewys van sy naam se Griekse betekenis: manlikheid. Dit het spierkrag geverg om die swaar, bultende visnette uit die water te trek en enorme golwe op die See van Galilea te trotseer.

Maar daar was ook 'n ander sy aan die manhaftige Andreas. Hy was 'n liefdevolle en toegewyde vriend en 'n dissipel van Johannes die Doper.

Andreas se dag der dae het waarskynlik soos enige ander dag begin. Toe gebeur iets terwyl hy en 'n ander dissipel by hulle vriend Johannes die Doper staan – iets wat Andreas se lewe totaal verander het. 'n Heilige teenwoordigheid het verbygeloop. Jesus. Hierdie Man het geen gelyke gehad nie.

Johannes die Doper het na Jesus gewys en gesê: "Kyk, dáár is die Lam van God!" Was dit 'n subtiele wenk om na die Verlosser te soek?

Die Lam van God? Wat sou dit beteken? 'n Lam is gewoonlik as offer gebruik. Het Johannes se onthullende woorde Andreas se oë oopgemaak? Wie was hierdie Man dat hulle Hom so kon

noem? Was God besig om Andreas te roep om Johannes te verlaat en Jesus te volg?

Toe die twee dissipels by die Meester kom, het Jesus omgedraai en gevra wat hulle wou hê. Andreas het nie gehuiwer nie. Hy wou graag alleen met Jesus gesels en het gevra waar die Meester bly.

Jesus het die twee dissipels na sy huis toe genooi. Niemand weet waaroor Jesus en die twee manne gepraat het nie.

Toe Andreas Jesus se huis verlaat, het hy geglo dat die *Lam van God* waarlik die *Seun van God* was en het onmiddellik een van die Verlosser se eerste volgelinge geword.

Was die fors visserman oorweldig toe hy hom weggehaas het om sy broer, Petrus, te gaan soek? Hy was gretig om vir Petrus die nuus te vertel en hom terug te bring om die Messias te ontmoet. Andreas was duidelik oorstelp van vreugde om sy broer aan die Here voor te stel.

Miskien het Andreas en Petrus deur Johannes die Doper se leringe van Jesus geweet. Nou kon hulle persoonlik met die Meester praat en by Hom leer.

Die broers het vir ’n ruk lank met hulle viserybesigheid voortgegaan. Ons weet bloot dat hulle met hulle nette besig was toe hulle opgekyk en Jesus voor hulle sien staan het.

Die Here se ferm woorde: “Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak” (Mark. 1:17) het Andreas waarskynlik yskoud laat word. Hy het sy nette net daar laat lê en

vir Petrus, Jakobus en Johannes die voorbeeld gestel om die Here te volg.

Andreas was onder die twaalf mans wat Jesus later as die apostels aangewys het. Stel jou voor hoe verbaas hy was toe hy aangesê is om uit te gaan en te preek, die siekes te genees en bose geeste in Jesus se Naam te verdryf!

Andreas het niks onverskilligs gedoen nie. Hy het moeite gedoen om vir Jesus vrae te vra en te luister wanneer die Here oor God se planne vir die toekoms gepraat het.

Andreas se optrede het nie vir hom baie aandag en lof gebring nie. In plaas daarvan het hierdie stil, getroue apostel bekend geraak daarvoor dat hy mense aan Jesus voorgestel het en altyd na maniere gesoek het om te help. Hy het die seun met die brood en vissies na Jesus toe gebring sodat 5 000 mans, en ook vroue en kinders kon eet. Hy en Filippus het 'n hele paar Grieke na Jesus toe gebring sodat hulle die Here kon aanbid.

Net soos die dissipels kan ons ook vir Jesus hoor sê: "Kom saam met My." Miskien is dit wat ons doen nie so ingrypend soos die werk wat Petrus moes doen nie. Ons word dalk bloot geroep om, soos Andreas, mense na die Here toe te bring; een persoon op 'n keer, stil en liefdevol.

Ongeag hoe die Here ons wil gebruik, ons kan deel wees van 'n lewensveranderende avontuur as ons die pad saam met Hom stap.

Groei in Christus

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

2 Korintiërs 5:17

Soek na die regte pad

Die oggendson het kristalhelder deur die venster van my vriendin Mary se pragtige huisie bo-op 'n heuwel geskyn en stilletjies oor die Auburn-vallei gekruip. Ek het die aand by Maryhulle oorgeslaap en voor almal wakker geword. Ek het rusteloos deur die venster gestaar en getob oor wat die toekoms vir my inhou.

Ek was agtien jaar oud en het pas klaargemaak met skool. Ek het 'n werk as stenograaf by die Renton Boeing-aanleg gekry. Ek was veronderstel om tevrede te voel, maar iets het gekort.

Ek het daar gestaan en terugdink aan my grootwordjare. Ek het Jesus reeds op die ouderdom van sewe as my Verlosser aangeneem by 'n naskoolse kinderevangelisasieklub. *Dit was 'n wonderlike begin saam met die Here*, het ek gedink. Maar baie gou het my gewete my herinner aan al die geestelike hoogte- en laagtepunte wat ek gedurende veral my tienerjare beleef het.

Ek het teruggedink aan my gelowige ouma. Ek het tydens somervakansies by haar gekuier en ons was baie geheg aan mekaar. Toe my tienerjare aanbreek, het ek en Ouma gereeld gestry oor Christelike standaarde.

"Anita, jy is miskien 'n Christen, maar jy is nie 'n toegewyde Christen nie," het Ouma op haar gewone reguit manier gesê. "Dit is eenvoudig nie goed genoeg nie. Bid daaroor. Gee jou alles vir God."

Haar woorde het my baie kwaad en gefrustreerd gemaak. Ek het nog probeer terugkap, maar terselfdertyd diep in my binneste besef dat my ouma my met erns in gebed aan die Here opgedra het. Tot vandag toe nog is ek haar oneindig dankbaar daarvoor.

Ek het altyd ander blameer vir my tekortkomings. Terwyl ek voor die venster gestaan het, het ek besef dat ek op die drumpel van my grootmenslewe was. Ek kon nie meer ander vir my foute blameer nie. Ek moes die regte keuse maak en 'n standvastige volwasse lewe vir myself bou.

Toe ek Mary se ma in die kombuis hoor, het ek nog steeds diep ingedagte by die venster bly staan. Mary se ma het saggies nader geloop en langs my voor die venster kom staan. Sy het haar hand op my skouer gesit en vir 'n paar minute in stilte by my gestaan.

Ek kon aanvoel dat sy haar woorde goed oorweeg voor sy eindelik begin praat het: "Kyk daar onder, Anita." Sy het na die vallei gewys. "Dit is die Groenrivier wat deur die landskap kronkel. Jou lewe gaan net so wees. Jy is op die punt om 'n nuwe avontuur aan te pak. Laat God jou help om die regte keuses te maak. As jy die pad saam met Hom aanpak, sal alles goed gaan."

'n Paar maande later het ek langs my bed ge-

kniel en my deurmekaar wipplanklewe opnuut aan God gegee. Dit het onmiddellik gevoel of 'n groot las van my skouers afval. 'n Nuutgevonde vreugde het my hele wese gevul, 'n vreugde wat ek nog nooit tevore ervaar het nie. Later het ek besef dat daardie nuwe entoesiastiese teenwoordigheid in my lewe God se wonderlike, reinigende, verlossende Heilige Gees was. Ek was eers bang en skaam om vir mense te sê dat ek 'n Christen is. Maar na daardie wonderlike aand het dinge totaal verander. Ek was so opgewonde oor dit wat God vir my gedoen het dat ek dit eenvoudig vir almal moes vertel wat bereid was om te luister.

Die nuwe avontuur het inderdaad begin. Dit was of God 'n kaart uitgerol het – sy heilige Woord – en 'n roete al langs die rivier van my lewe beplan het. Hy het die veilige paaie voorsien waarop ek kon reis.

Na al hierdie jare voel ek nog steeds sy hand op my skouer terwyl Hy my op die regte pad lei. Soms is die rivier van my lewe so glad soos 'n spieël, maar dikwels moet ek onstuimige waters trotseer. God moet my herinner om nie roekeloos te wees wanneer die lewe goed verloop nie en om ag te slaan op sy teregwysings en nie paniekerig te raak wanneer die lewe stormagtig word nie.

God het 'n nuwe avontuur vir elke dag. Hy open vir my deure wat ek nooit kon dink moontlik is nie. Hy genees my wonde. Hy sien om na my probleme. Hy verlos my van vrees. Hy ver-

ander my beproewings in oorwinnings. Maar bowenal gee Hy my oorvloedige lewe in alle omstandighede, deur die diep, eindelose vreugde van sy Heilige Gees. Hiervoor kan ek Hom nooit genoeg dank nie.

Miskien is jy by 'n kruispad in jou lewe en jy probeer besluit watter rigting om in te slaan. God beplan 'n wonderlike avontuur vir jou, as jy maar net bereid is om jouself volkome vir Hom te gee en jou lewe in sy bekwame hande te laat.

Dieselfde God wat berge kan versit, riviere en selfs golwe kan beheers, reik liefdevol na jou uit en nooi jou om Hom te volg. Kies sy koers. Leer by Hom. Gehoorsaam Hom. Leer Hom beter ken en groei geestelik.

Dan sal jy sy tere liefde en sy ongelooflike krag in jou lewe ervaar.

Ek het Jesus se stem hoor sê

Ek het Jesus se stem hoor sê:
"Kyk, Ek gee verniet vir jou
die lewende water, o dorstige.
Buk maar, drink en bly behou."
Ek het na Jesus gekom en gedrink
van die lewegewende stroom;
my dors is geles, my siel verkwik,
en nou kan ek in Hom woon.

Horatius Bonar, 1808-1889

Skep in my ′n rein hart

O Here my God, ek bid dat U my genadig sal wees. Hoewel ek probeer doen wat reg is, skiet ek dikwels tekort. Ek kan nie ’n lewe van oorwinning leef sonder U nie. Vergewe my my tekortkomings en verkeerde gesindhede. Ek smag daarna om vir U aanneemlik te wees.

Sprinkel u reinigende bloed in my hart. Was my en maak my so wit soos sneeu. Louter my. Verwyder my tekortkomings en maak u kind so suiwer soos glinsterende goud. Skep in my ’n rein hart, o Heer. Gee my ’n regverdige hart. Dankie dat U nie ongeduldig met my raak of moed opgee nie. Vul my met u Heilige Gees en gee my weer die vreugde van u verlossing in my lewe.

Wanneer ek en U nou hierdie nuwe lewenstog aanpak, bid ek dat U my sal help om versigtig en gehoorsaam te wees in alles wat ek dink, sê en doen. Ek wil u Naam grootmaak met my hele wese, Here.

Ek sal met vreugde sing van u liefde en vergifnis. My lippe sal U deurentyd loof in elke avontuur van my lewe. Ek wil u goeie tyding met almal deel wat bereid is om te luister.

Dankie, Here, dat U my Verlosser is!